**Woensdag 15 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 25:10-22; 3:1-9**
**Fokusgedeelte: Eksodus 25:17, 18 (AFR83)**
**Christus bedek ons skuldverlede**

Die items in die verbondsark (manna, kliptafels, staf van Aäron) is ’n pynlike herinnering aan die tragiese geskiedenis en sonde van Israel in die woestyn. Die troos is egter dat die verbondsark toegemaak is met die goue versoendeksel.

Al ons tekortkominge en al ons sondigheid word eintlik weggesteek onder hierdie deksel – die goue deksel met die gerubs, waarop die hoëpriester een keer per jaar met die besprinkeling van die bloed versoening gedoen het! Romeine 3:25 verwys daarna dat God sy Seun gegee het “as ’n versoening deur die geloof” (letterlik: as ’n versoendeksel). Christus is ons versoendeksel! Hy bedek al ons euweldade voor God.

Hy bedek ook die tafels van die wet … want sien, die wet verval nie as Christus kom nie, maar kry ’n ander betekenis. Die wet is dus ondergeskik aan die bloed van Christus. Jou redding óf jou vervloeking kom nie meer deur die wet nie … jou redding kom deur die bloed van Christus! Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie (Joh. 3:17,18). *Deur die bloed van Christus word die troon van God dus ’n troon van genade!!*

Eenvoudig gestel gaan dit dus so met ons as ons tot God nader: *Here, ek is nie waardig genoeg om voor U te kom nie, dit besef ek deur die pyn van my verlede van sonde en teleurstellings, maar terselfdertyd weet ek dat ek waardig gemaak word deur die bloed van Christus wat my sondes voor U bedek.*

As jy sou sê dat jy te sleg is om voor God te kom en dat jy nooit goed genoeg vir God sal wees nie, dan beledig ons eintlik vir Christus. God wil in hierdie verbondsverhouding met sy kinders staan, maar omdat ons dit self nooit waardig sou wees nie, het Hy sy Seun beskik as die versoening vir al ons sondes.

*Sing: Psalm 65-1:2*

*Ds. M van Helden (Maarten) (Centurion)*